



## GENERALE MISSIVE

*Nuusbrief van die Stigting VOC 3/17*  
*Newsletter of the VOC Foundation*

Die Stigting VOC het op 16 September 1995 tot stand gekom met Bewaring, Opvoeding en Kultuurtoerisme as doel. Dit is die wettige eienaar van die historiese VOC-handelsmerk in Suid-Afrika. *The VOC Foundation was established on 16 September 1995 with Conservation, Education and Cultural Tourism as its aims. It is the legal owner of the historic VOC trade mark in South Africa.*

**Internet:** <http://www.voc-kaap.org> **E-pos/E-mail:** [vocinfo@voc-kaap.org](mailto:vocinfo@voc-kaap.org) **Skakel/Contact:** Sekr./ Secr.: mnr R. Rode, tel.021-438-8095, e-pos: [rodecb@icloud.com](mailto:rodecb@icloud.com) . **Lidmaatskap /Membership:** **Finansies /Finance:** mnr C. Wessel, tel: 082-377-1682. **Bank:** ABSA rek./acc. 9258840691: 'Stigting VOC Foundation.'

---


*Welaen Vrunden!*

**Verwelkoming:** Mnr M. Bekker het in Junie en me C. Beyers in Julie by ons Stigting aangesluit. Ek vertrou dat u lidmaatskap aangenaam en verrykkend sal wees. Ons benodig 'n werkende e-pos adres van u, om te sorg dat ons nuusbrief *Generale Missive* en ander korrespondensie u bereik.

### ***Wat het Vingbooms daar geskryf?***


Lid Johann Basson het uit Pretoria navraag gedoen oor 'n paar onduidelike woorde op Johannes Vingbooms se skildery van die Kaapse nedersetting in ongeveer 1665. Kyk op die vergroting, onder die drie huisies: Wat staan daar? Die letters is dof en onduidelik geskryf. Is daar een, twee of drie woorde? Ek het aan *Bouwers huise* (boerehuise) gedink, maar dit is net 'n raaiskoot. Enige voorstelle?

"Aldus verthoont hem de Tafel Bay geleegeen aende Cabo de Bona Speranca" Gezicht ...



### **Die Klein Ystyd**

In 'n vorige *Generale Missive* het ek u daaraan herinner dat dit vanjaar 400 jaar gelede is dat die VOC die sogenaamde Brouwer Roete (1617) voorgeskryf het vir sy skepe op see tussen Nederland en Oos-Indië. Daaruit het gevolg dat Tafelbaai gekies is as die regte plek vir 'n maritieme aanvullingsdiens, as gevolg waarvan ons nou hier woon. In 'n ander *Generale Missive* het ek verduidelik dat die dieëtsiekte *scheurbuijk* gewoonlik nie op see ontstaan het nie, maar as gevolg van die Klein Ystyd deur die bemanning van die land af aan boord gedra is.



So pas het 'n nuwe boek oor die Klein Ystydperk verskyn. Dit is P. Blom: *De Opstand van de Natuur, 1570-1700 (en het ontstaan van het modern Europa.)* (Uitgeverij De Bezige Bij, 2017.) In 'n bespreking van die boek skryf die historikus Enne Koops o.a., dat die temperatuur wêreldwyd met gemiddeld 2 grade C gedaal het. In China was daar hongersnood en in Indië misoeste. In Oos-Europa het voëls en diere verkleum. Sneeu en ryp het deur die somer voorgekom. Daar was ook politieke gevolge; daar was 'n trek van die verarmde platteland af na die stede, waarby Amsterdam grootliks gebaat het. Die ondergang van Spanje as Europese mag het met die vergaan van die Armada in aanhoudende storms in die somer van 1588 begin. Wêreldhandel is gestimuleer, meer geharde gewasse soos aartappels en mielies is ingevoer. Op kulturele gebied was daar die vervolging van hekse wanneer haelbuie someroeste vernietig het, en in die skilderkuns het die winterslandskappe van Breughel (die oue), Averkamp en ander ontstaan. En dan die VOC, die Brouwer Roete, en ons. Dit lyk na 'n wonderlike interessante boek, wat sal help om die verband tussen klimaat en geskiedenis beter te verstaan. My (nie-amptelike) definisie van 'Geschiedenis' was nog altyd 'Geschiedenis is Geografie met Mense in.' [Bron: Historiek.net; 4.7.2017.]

Dit is nie duidelik of die jaar 1700 in die titel na die einde van die studie of die einde van die Klein Ystyd verwys nie, maar uit joernale en mediese verslae van skepe uit die Noorde is dit duidelik dat die koue in Europa nog lank voort gegaan het. In 1779 was die Nederlandse waterweë solied bevrore en Jabes Heenck het '*Ijsvermaak op het Galgewater*' (Lakenhalle Museum, Leiden) geskilder. Hongersnood en die skaarste aan en prys van brandhout was een van die oorsake van die Franse opstand van 1789 teen grondbesitters met woude, soos die

koning, die adel en die kerk. En het die Nederlandse oorlogsvloot nie in Januarie 1795 in Franse hande geval omdat dit in Den Helder vasgevroes gelê het nie? Dit was die enigste keer dat 'n seemag deur 'n landmag verower is.

### ***VOC Kamer Antwerpen***

Ons aktiewe susterskamer Antwerpen gaan in November op 'n tweedaagse besoek aan Amsterdam en Utrecht. Lees die aangehegte uitnodiging om te sien wat hulle beplan. Hul interessante joernaal verskyn op ons webwerf: <http://www.voc-kaap.org>

### ***Kamer Haagsche Besoygne***

Op 30 Mei was ek en Jean bevoorreg om saam met 'VOC Genootschap De Haagsche Besoygne' (dit is die volle en amptelike naam), *Betawidag* in die Riddersaal van Herberg 't Goude Hooft (wat van voor 1423 dateer) in Den Haag te vier. Op *Betawidag* herdenk hulle 30 Mei 1619, toe Jan Pietersz Coen ('Yzere Jan') die stad Jakarta van die Javane en Engelse, onder Sir Thomas Dale, afgeneem het. Coen het die stad Batavia genoem, dit soos 'n Nederlandse stad laat uitlê, self 'n stadswapen daarvoor ontwerp ('n goue swaard en groen lourierkrans op 'n rooi skild), met *Nihil desperandum* ('dispereert niet, ontziet uw vijanden niet') as leuse. Batavia was daarna die setel van die VOC se oorsese regering en die rendezvous van sy vlote.

By dié feestelike geleentheid is die Genootschap Haagsche Besoygne se vierjaarlikse erepenning aan die heer J.C. Snellen van Vollenhoven (Ridder in die Orde van Oranje-Nassau) toegeken, vir sy aandeel, as sekretaris-generaal van die Corts Stigting, in die digitalisering van die VOC-dokumente in die Indonesiese Nasionale Argief in Jakarta. Dit het die oortik en redigering van ongeveer een miljoen manuskripte behels. Die brons penning aan 'n donkerblou lint is deur die beeldhouer Jan-Willem van Oldeneel tot Oldenzeel ontwerp.

Ek het ons Stigting se lapelknopie aan Voorsitter Tang gegee, het hulle nuwe VOC-das as geskenk gekry en is gevra om die groete van ons ou vriende aan ons Kaapse lede te bring en die bande tussen ons twee Kamers stewig te hou.



Foto's: Sven Niels

***Tong Tong Fees:*** Op die Malieveld, 'n gewese militêre kampterrein in Den Haag, word sedert 1958 elke lente 'n feestelike saamtrek gehou. Oorspronklik was dit bekend as die *Pasar Malan Bezar*, waar Indonesiese ware soos speserye, sy, klapper ensovoort te koop was, maar van 2009 af is dit die Tong Tong Fees. Die naam verwys na die klank van 'n Indonesiese trom, 'n groot staande tamboer uit harde hout gemaak, wat met stokke geslaan word; die boomstam word uitgehol deur 'n enkele vingerbreed spleet aan die voorkant. Dit is gebruik om boodskappe te stuur, maar ook vir oorlog en feeste. Daar het vanjaar 'n seremonieële voorbeeld tussen twee pale by die ingang gehang.

Die fees het tot 'n kulturele geleentheid ontwikkel wat ongeveer twaalf dae duur. Iets soos ons Woordfees, maar tienmaal groter. Almal met 'n verbintenis met of belangstelling in Indonesië, maar ook die algemene publiek kom geniet die Fees. Daar kom Nederlanders wat in die Ooste gebore is of gewerk het en met hul Nederlandse of Nederlands-Indonesiese gesinne gerepatrieer het, ook gebore Indonesiërs wat na Nederland geëmigreer het en hul kinders wat in Nederland gebore is. Handelaars uit Indonesië bring hul produkte na die besige mark toe. Benewens tientalle kraampies waar Indonesiese eetgoed, boeke (natuurlik heelwat oor die VOC), tekstiele, speserye, vlieërs en wat die hart ook al begeer te koop is, is daar tentoonstellings van skilderkuns, tradisionele dans, musiekuitvoerings, lesings, ensovoort. Elke dag se program is saam met artikels en advertensies in 'n dik koerant te sien.

Ek is genooi om 'n lesing oor kulturele bande tussen Nederland, die Kaap en Indonesië te lewer. Die titel was '*Gedeelde verlede, gemengde kultuur.*' Die teks is geïllustreer en lid Wium van Zyl het agtergrondmusiek deur Kaapse Maleierkore verskaf, wat later daardie dag dwarsoor die terrein op die Fees se luidsprekerstelsel gespeel is. (Die teks is te lees op LitNet, 22 Junie 2017.) Ons besoek aan Nederland is gedeeltelik deur die Van Ewijk Stigting geborg.

Die vriende het aan my 'n lapelspeld in die vorm van 'n wit emalje *melati*-blom as aandenking geskenk. Die botaniese naam is *Jasminum sambac*, in gewone taal sterjasmyn. Dit is Indonesië se nasionale blom, maar ook die embleem van die Nederlandse Indonesiese gemeenskap.

### **Lutherse Kerkkompleks:**

Die SA Erfenis Hulpbronnerraad (SAEHA) is van plan om die hele Lutherse Kerkkompleks (predikantshuis, kerk en kosterhuis) in Strandstraat weer van provinsiale- na nasionale gedenkwaardighede op te gradeer. En so behoort dit te wees. Die status van die bygeleë graanskuur verander nie, maar hopelik sal die bure se glorie ook daarvoor skyn.

### **'Coloured Governors':**

Die volgende artikel op internet is onder my aandag gebring deur Emme de Kock en Jimmy Herbert van Kaap Agulhas. Twee Kaapse goewerneurs word daarin as 'coloured' verklaar en hul beleid t.o.v. die Kaapse burgery en inboorlinge word bespreek uit daardie oogpunt. Lees gerus die aangehegte dokument getitel: "Coloured Governors."

Waarom die teks geskryf is of wat die skrywer se doel daarmee is, gaan ek nie noem nie; dit spreek self uit die teks. Terwille van die verspreiding van kennis oor die VOC wil ek net enkele opmerkings maak, wat ek deur argivale navorsing bekom en met bronverwysings in my boek *Die Buiteposte* (HAUM, Pretoria, 1993.) gepubliseer het. Oorweeg asseblief die volgende stellings:

1. Die twee Van der Stels word herhaaldelik '*First governors*' genoem. Wat van vroeër goewerneurs, soos Goske en Bax?
2. Daar bestaan geen bewese afbeeldings van Simon nie, net beweerde afbeeldings.
3. Die skrywer beweer Simon en Willem '*in today's language would have been said to be 'Coloured.*' Deur wie, wonder ek, en op watter gronde? Simon was nie eens mesties nie. Maar veral: Waarom (met watter doel) sou enigeen dit wil doen?
4. Adam Tas het sy plaas tot 'Libertas' hernoem, word beweer. Die plaas was reeds 'Libertas' voor dit in sy besit gekom het.
5. Die twee Van der Stels het die '*conflictual policies*' (strydlustige beleid?) van Van Riebeeck en sy opvolgers teenoor die inboorlinge omgekeer, word beweer. Inteendeel. In die uitvoering van sy beleid om die Kaapse diensstasie selfvoorsienend te maak, het Simon van der Stel verskeie uitgestrekte buiteposte (Hottentotsholland II, Klapmuts, De Kuilen, Elsjes

Corael, Steenberg) op Koina-weidings aangelê om slagvee, aanteelvee en trekvee op aan te hou, hy het keer op keer die Koina met dreigemente van geweld uit hul weiding verdryf en deur volgehoue ruiltogte (altesaam 45 oor 26 jaar deur die twee Van der Stels) die Skiereilandse stamme verarmoed, onteien en tot verbrokkeling gedwing. Hy het Koina-weiding in Stellenbosch, Franschoek en Drakenstein uitgedeel aan nuwe setlaars. Op sy bevel is hoofman Dorha se Chainouqua aangeval, beroof en sy volk versprei, en is hy gevang en op Robbeneiland gevange gehou. Teen die einde van Simon se twintigjarige regering was die ontstamming van die Skiereilandse stamme voltooi. Wat Willem betref: Sy plasing van nuwe setlaars in Waveren en Vierentwintigriviere ('n Oos-Cochoqua weigebied) in 1700-1701, het 'n nuwe oorlog teen die Koina veroorsaak. Dit was ook hy (Willem) wat die Wes-Cochoqua se weiding (die Groene Cloof en Slagtersveld) onteien en aan die Kompanjie se gekontrakteerde slagter toegeken het. En sy eie, aansienlike veetroppe het hy in die Overberg, op Chainouqua- en Hessequa-stamgrond, aangehou. Sover, wat die versinde ommekeer van 'conflictual policies' deur ons sogenaamde 'gekleurde goewerneys' betref.

**\*Die weezenputten:**

Texel is die mees suidelike van die lae, sanderige Waddinx- of Wes-Friese eilande Texel, Vlieland, Terschelling, Ameland, Schiermonnikoog, wat van Den Helder in 'n noordooswaartse boog in die rigting van Denemarke en Duitsland uitstrek. Ek was laas in 1982 op Texel, en van toe tot nou het daar (soos hier) grootskaalse toerisme-ontwikkeling gebeur. 'n Goeie ding vir die ou eiland, wat behoorlik bestuur word; daar is geen teken dat die oue ter wille van die nuwe vernietig of afgeskeep word nie. Intendeel, dit lyk of Texel sy geskiedenis herontdek en inspan om die hede te verbeter.

Die VOC se uitwaartse vlote het teenoor Oudeschild op die Texelse reede vergader. Daar is bemannings gemonster, Here XVII se laaste afgesante is aangehoor, voorraad is aangevul en watervate is gevul uit die 'weezenputten.' Die inkomste, uit verkoop van water, is aan die gemeentelike weeshuise geskenk. In die VOC-tyd is vrag en personeel van Amsterdam na Texel vervoer in ligters, as gevolg van die vlak see. (Lees dr H.M. Scheffler se hoofstuk oor die uitvarende vlote in De Wet, Hattingh en Visagie (reds.): 'Die VOC aan die Kaap, 1652-1795.) Deesdae ry ons per trein van Den Haag na Den Helder, waar die veerboot na Texel gered lê.

Ek wou die 'weezenputten' by Oudeschild sien, die beroemde bronne van drinkwater vir uitvarende VOC-skepe, wat langer as water uit ander bronne vars gebly het. Twee van die oorspronklike sewe putte is 'n jaar of twee gelede deur navorsers ontdek en deur die nasionale bewaringseenheid gerestoureer. Ek het nie veel wetenskaplike studie oor die water se kwaliteite gevind nie. Is die bewerings eg, of ter wille van toerisme?

Die putte is geleë vlak by die historiese woonhuis op die boerdery Brakesteen, waar admirals soos Tromp en De Ruyter tuisgegaan het. Dit is 'n kwartier per motor binnelands van Oudeschild. Water is daar in vate gepomp, en op roeibote langs 'n grag of afvoersloot na die Texelse reede vervoer. Die put se wande is uit geel Ijsselsteentjies gebou, net soos die kloktoring oor Kasteel de Goede Hoop se poort. Die grag af Oudeschild toe bestaan nie meer nie.

Ek het 'n bietjie water in my hand gepomp om te proe. Die smaak was van grond; die gedagte was aan die ou Kompanjie en sy omvangryke bedrywighede.



Fotos's: Jean Sleigh.

Foto, ongeveer 1880 (Uitstalbord, ter plaatse.)

### ***Uitstappie na Citrusdal:***

Ons Stigting se vorige uitstappie was 'n driedaagse na twee buiteposte aan die Kaap se suidkus, Houteniquasland en Plettenbergs Baaij en die inheemse woud waar die Kompanjie gekap het. Dit is al 'n paar jaar geleë, maar die aangename herinneringe duur voort. Waar ons nog nie was nie, is ***buitepos 't Warme Bad aan de Olifantsrivier***. Dit is nou by Citrusdal, 'n busrit van twee uur van Kaapstad af. Wat is daar te sien en te doen? Meerhofskasteel (met 'n kort lesing oor Pieter van Meerhof en sy reise), die warmbad (met 'n kort lesing oor die buitepos), die seinkanon (met 'n kort lesing oor die seinstelsel) middagete op 'n plaas waar Jurgen Hanekom (voorvader van die familie) se huisie uit c. 1750 nog staan, Boesmantekeninge, en as die tyd dit toelaat moontlik 'n rooibosteeplaas met 'n proef van die produkte. Ons sal teen aandskemer terug in die Kaap wees. Dit word beplan vir September-Augustus, wanneer die veld en die sitrusboorde in blom staan. Die prys sal, soos op al ons uitstappies, redelik wees. Voordat ons met enige reëlings kan begin, en besonderhede bekend

maak, moet ons weet hoeveel mense belangstel. Ons kan nie met **minder as twintig** ry nie. Dus: As u belangstel om die dag saam te reis, skryf asseblief **voor 20 Julie aan bostaande adres**, byvoorbeeld: ‘*Jan, San en Dirk Smit wil saam na Citrusdal.*’ Op 20 Julie besluit ons komitee of die uitstappie kan plaasvind.

### ***Die Kaap as eiland?***

Kommissaris Rijkloff van Goens, die oue, het in 1657 aan Jan van Riebeeck opdrag gegee om ter wille van veiligheid en sekerheid ’n kanaal van Tafelbaai af tot Valsbaai te laat grawe, waardeur die Kaapse nedersetting ’n eiland sou word. Van Riebeeck het vroeg toe opgegooi; sy verskoning was dat hy nie genoeg grawe gehad het nie. Egbertus Bergh, Kaapse patriot en gewese lid van die Politieke Raad, het in 1801 beweer dat die oorblyfsel van Van Riebeeck se poging nog by die mond van die Soutrivier sigbaar was. In 1827 het niemand minder as kaptein W.F. Owen, R.N., die bekende kartograaf, weereens die vele ekonomiese voordele van so ’n grag aan die Britse koloniale regering voorgedra. Ons kon ’n vestingstad geword het. Maar die Britse Ryk het meer in ’n kortpad na Indië belang gestel. Toe grawe hulle die Suezkanaal, en daarmee was ons kans verby. [A.J. Böeseken (red.): *Memoriën en Instructiën*, p.xi; G.Mc Call Theal (red.): *Belangrijke Historische Dokumenten...*, deel III, p.33; G.Mc Call Theal (ed.): *Records of the Cape Colony*, vol. XXXI, p.397.]

### ***Eerskomende lesing:***

Naarden, oos van Amsterdam, is ’n goedbewaarde middeleeuse vestingstad (dit het in 1351 al stadsregte gekry), omring deur ’n tydlose stervormige stel van ‘*gragten, wallen, muren, ravelijnen, flanken en bastionnen.*’ Die ou vesting is in die ‘rampjaar’ (1672) deur die Franse ingeneem, maar weer deur Prins Willem III herower. In die 1800’s spreek Napoleon sy bewondering vir die vestingwerk uit. Vandag is Naarden die setel van die Nederlandse Vesting Museum. Die direkteur, drs Oscar Hefting, beplan vir aanstaande jaar ’n groot uitstalling van die VOC se verdedigingswerke aan die Kaap in sy museum. As deel van sy navorsing besoek hy die Kaap in Julie 2017 om die terrein en oorblyfsels hier te ondersoek. Dit sal sy eerste besoek aan Suid-Afrika wees. Die uitstalling is vir ons Stigting ’n goeie geleentheid om kennis oor die VOC aan die Kaap te versprei, daarom sal ons hom help om sy besoek en sy komende tentoonstelling in die Vesting Museum suksesvol te maak.

Op Saterdag 22 Julie 2017 sal hy ons by Huis der Nederlanden oor stad Naarden, die Nederlandse Vesting Museum en die beplande uitstalling toespreek, en ook wys watter werk hy tevore oor ’n soortgelyke onderwerp – Nederlandse fortifikasies in Suid-Amerika – gedoen het. Sien u daar.

**Spreker:** Drs. Oscar Hefting.

**Onderwerp:** Beplande tentoonstelling: ‘*Die VOC-fortifikasies aan die Kaap, 1652-1795.*’

**Tyd:** 10h30

**Datum:** Saterdag, 22 Julie 2017.

**Plek:** SASNEV (Huis der Nederlanden) Sentraalplein, Pinelands.

\*Altyd lekker koffie, tee en koekies (vir eie rekening) en volop gratis parkering.

*Behouwe vaert / Slamet djalan*

D. Sleight (Redakteur)

Jean Sleight (Tegnies)

12 Julie 2017